

6 Februarie

Hooglied 8:1-14, (Teks: 8:6)

Koester die liefde

Hier word die liefdesgloed vergelyk met die mag van die dood. Met die liefde kan daar nie gespeel word nie. Dit mag ook nie verwaarloos word nie. En daarom word daar eintlik gesmeek: Dra my soos 'n seëling by jou.

'n Man se seëling was destyds sy identiteitsbewys. Hy het dit altyd by hom gedra. Dit was een van sy kosbaarste besittings. Hy het dit om sy vinger gedra of aan 'n ketting om sy nek, letterlik op sy hart. Die liefde vra om ook so behandel te word. Sy wil gedra en bewaar en vasgehou word. Daar moet absolute sorg wees, en daar moet eensgesindheid wees. In liefde moet jou maat gekoester word as jou kosbaarste besitting. U moet mekaar as huweliksmaats ter harte neem - op jou hart dra. Daar moet tyd en aandag aan julle verhouding geskenk word. Die grootste gevaar is 'n liefdesverhouding, en dit veral in die huwelik, is dat ons mekaar so as vanselfsprekend aanvaar. Dit mag nooit gebeur nie. Die liefde vra meer as net saamwoon en saamslaap. Aan u verhouding moet gebou word, anders sal die verhouding sterf! Die liefdesmag is sterk soos die dood.

As u die saak so beskou en uitleef, sal die liefde brand soos 'n vlam van die Here en kan u getroos wees met Hooglied 8:7: "Strome water kan die liefde nie blus nie, riviere kan dit nie afkoel nie". Neem mekaar ter harte. Bou aan u huweliksliefde. En die Here wat u aan mekaar gegee het, sal ook u liefde bewaar en u waarlik gelukkig maak.

Sing: Psalm 133:1,2 Ds. M. van Helden (Verwoerdburg-Noord)